## 20 Julie Lukas 13:18-21 (13:19)

### *Klein oorsake het groot gevolge*

U ken die betekenis van die opskrif. 'n Enkele woord wat onnadenkend gesê word, kan soveel kwaad en seer bring. Net so kan 'n enkele gedagte wat deur ons brein flits, soos by die Hervormers, die wêreldgeskiedenis verander. God gebruik die klein dingetjies. Jesus Christus leer ons immers dat die koninkryk van die hemele soos 'n mosterdsaad is, klein as dit gesaai word, maar wat uitgroei tot 'n groot boom waar die voëls nes kan maak in sy takke.

'n Mosterdsaad wat jy met jou asem kan wegblaas word 'n diepgewortelde boom wat sy takke uitsprei en rusplek bied vir die voëls. Dink aan die eenvoudige boodskap dat elkeen wat in Jesus Christus glo die ewige lewe het. Die mense kom byeen in 'n gemeente en dit vertak oor die hele wêreld. Miskien voel u dit het niks met mekaar te doen nie. Tog hang dit saam as oorsaak en gevolg: die groot boom groei uit die klein saadjie; die groot gemeente oor die wêreld groei uit die eenvoudige boodskap van die kruis tot 'n skare wat niemand kan tel nie, wat salig is en die heerlikheid geniet. 'n Mosterdsaad en 'n groot boom! Dit beeld die groeikrag van die koninkryk van die hemel uit wat deur Christus op aarde verwerklik is. Die begin was klein, die Kindjie in die krip, later alleen aan die kruis. Maar die voortgang was ontsagwekkend. Sy Gees is uitgestort en mense het krag en toerusting ontvang. Gemeentes is gestig en het uitgebrei. Volk na volk het die Woord gehoor en mense se harte het verander. Steeds is dit nie die einde nie. Eendag sal elke knie voor Hom buig en elke tong sy Naam bely - 'n groot boom!

'n Mosterdsaad en 'n groot boom! So breek God se genade ook deur in ons harte. Dit lyk nie indrukwekkend wanneer 'n sondaar na sy binnekamer vlug om daar sy sorge op die Here te werp en om genade smeek nie. Dit gaan ongemerk by ander verby. Maar wat groei daaruit? Eers 'n nuwe en weldra 'n verheerlikte kind van God, 'n hemelburger in wit geklee, vol lofsange vir God die Here... 'n groot boom!

Ds. M.J. Smidt (Innesdal)